

Sing vooraf staande: Psalm 72:7, 11 (p. 362)

- 7 Hul roep: dit is vir Hom die tyding: / sy arm is al gereed;
vir hul is daar by Hom bevryding / uit alle nood en leed,
Dreig daar geweld van alle sye, / al gaan dit nog so hoog,
hul bloed, hul tranes en hul lye / is dierbaar in sy oog.
- 11 Sy Naam, bo alle naam verhewe, / sy uit eerbiedenis
die volle roem en eer gegewe / so lank daar wêreld is!
En laat so ver die sonlig bewe, / so ver die sonpyl skiet,
sy heerlikheid die aarde oorswewe! / En "Amen" sê my lied!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:1, 7 (p. 575)

- 1 Loof, loof die HEER met lofgesange! / O Isr'el, wees in God verblyd.
Sy goedheid volg Hom in sy gange, / sy goedheid duur in ewigheid.
Loof, Arons huis, met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd,
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!
- 7 Dit is die Heer wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 119:27, 30 (p. 592)

- 27 Al u vonnis is suiwer, / maar onsuiver was my weg;
dat U my dan swaar verdruk het, / is 'n daad van trou en reg.
Dog waar ek in u beloftes / al my heil soek en geluk,
bid ek dat U, na u goedheid, / my wil troos in al my druk.
- 30 Op u heil wag ek verlangend, / op u woord hoop ek altoos,
en ek vra met smagtende oë / Wanneer sal U my vertroos?
Want my liggaam uitgemergel, / tot die laaste lid verswak,
is verkramp al soos die leer is / van 'n swartberookte sak.

Gebed

Psalm 103:1, 2 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 2 Loof Hom wat jou, van skuldelaas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Skriflesing: Rut 2:17-3:18

Kernverse: Rut 3:9

En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: Ek is Rut, u dienaar; brei dan u vleuel oor u dienaar uit, want u is die lossier. (Rut 3:9 AFR 1953)

Tema: Christus Jesus ons Losser

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het nou al geleer dat die mens wat onder die vleuels van die Here skuil, sy en haar verantwoordelikhede nakom. Rut is so iemand. Sy het nie as 'n armlastige gesit en wag dat iemand hom oor haar en Naomi moet kom ontferm nie. Sy het die vleuels van die Here, waaronder sy geskuil het, herken en voluit gebruik gemaak van die bepalings wat die Here vir sy volk gegee het oor die versorging van armes. Sy het uitgegaan om graan op te tel waar daar geoes word en in besonder by die een in wie se oë sy genade vind. Die Here, so het ons gesien, het beskik dat sy by Boas se landerye uitgekom het en dat sy en Boas mekaar ook ontmoet het.

En nou het ons gelees dat die oestyd verby is. **Rut het toe saam met die werksters van Boas are opgetel totdat die gars- en koringoes ingesamel was.** Rut en Naomi het nou alles gedoen wat hulle kon om die moeilike omstandighede waarin hulle is te bowe te kom. Aan die einde van Rut 2 laat die skrywer ons met die volgende vraag: Wat gaan nou van hierdie twee weduwees word? Sal hulle van nou af maar van aalmoese moet bly lewe tot die volgende jaar se oestyd? Sal Boas hom nog steeds oor hulle ontferm? Hy is immers familie van hulle en hy is mos een van hulle lossers.

Toe ons Naomi leer ken het, het ons iemand teëgekom wat maar deur die gees van die Rigterstyd beïnvloed was. Sy het nie altyd sulke wyse besluite geneem nie. Sy wou destyds, somer so in die loop van haar gesprek met haar skoondogters, hulle aan die afgode afstaan. Toe het sy nie eers kans gesien om hulle in die volk van die Here te ontvang nie. Maar nou kom ons ook agter hoe die Here met sy kinders werk. Hy het nie vir Naomi afgeskryf en verlaat omdat sy so min vertroue in Hom oorgehad het nie. Stilweg het die Here haar weer geleer om haar vertroue in Hom te stel.

Sy was iemand wat haar gemoedstoestand deur haar omstandighede laat bepaal het. Toe dit swaar gegaan het, het sy net 'n donker prentjie gesien. By haar was daar nie meer vreugde oor nie en sy het haar klaargemaak om as 'n armlastige op aalmoese te lewe. Die Here het juis haar omstandighede gebruik om haar oë oop te maak sodat sy weer die vleuels van die Here oor haar uitgesprei kan raaksien. Deurdat die Heilige Gees vir Rut gelei het om al dieper onder die vleuels van die Here in te kruip, kon Naomi sien met hoeveel vertroue Rut daardie eerste oggend by die huis uit is. Naomi het ook Rut se getroue diens aan haar wat Naomi is, raakgesien. Die Here het in hierdie twee weduwees se behoeftes voorsien deur Boas.

In die tyd van die gars- en koringoes het die Here Naomi se oë so oopgemaak dat sy ook kon sien hoe die Here se vleuels in sy ander bepalings oor hulle as weduwees uitgesprei is. Daarom het Naomi ook meer aktief geraak as voorheen. Sy neem nou die inisiatief om vir Rut na Boas toe uit te stuur om hom daaraan te herinner dat hy Rut en Naomi se losser is. Vir ons in die een en twintigste eeu lyk die raad wat Naomi aan Rut gee vreemd. Maar wanneer ons eers die bepalings van die Here verstaan, sal ons sien dat Naomi en Rut tog nie buite die grense van welvoeglikheid opgetree het nie.

In hierdie hoofstuk kry ons met twee bepalings van die Here te doen, naamlik sy bepaling oor die lossers en sy bepaling oor die leviraatshuwelik of swaershuwelik. Die swaershuwelik het so gewerk: Wanneer 'n man getroud is maar sterf voordat daar vir hom 'n seun uit die huwelik gebore is, mag die weduwee nie somer met enige ander man trou nie. Die broer van die oorledene moet dan met die weduwee trou en so sy verantwoordelikheid nakom teenoor sy broer. Die eerste seun wat uit hierdie huwelik gebore word, is beskou as die oorlede broer se seun en moes ook sy naam dra, sodat sy naam nie uit Israel uitsterf nie. Die Here werk immers sy verbond in die geslagte uit, daarom wil Hy nie hê dat 'n geslag moet uitsterf nie.

Wanneer die swaer nie met die weduwee wil trou nie, moet sy na die leiers van die volk gaan en vir hulle sê dat haar swaer nie sy verantwoordelikheid teenoor sy broer wil nakom nie. In die

teenwoordigheid van die leiers moet die weduwee dan haar swaer se skoen uittrek en hom in die gesig spoeg en vir hom sê: So sal dit gaan met die man wat nie vir sy broer 'n huis – 'n nageslag – wil bou nie (Deut 25:5-10).

En nou iets oor die Here se bepaling aangaande die losser. Die begrip *losser* is 'n vertaling van die Hebreeuse woord *go'el*. 'n Losser is 'n familielid wat 'n groot verantwoordelikheid teenoor sy familie lede het. Maar eers die agtergrond van die bepaling aangaande die losser.

Die Here het die beloofde land as blyplek aan sy volk gegee terwyl die land steeds aan die Here behoort. In Israel mag grond daarom nie verkoop word nie, maar wel die opbrengs wat 'n stuk land kan lewer, word verkoop. Die prys wat betaal kan word vir 'n stuk land word dan bereken op grond van die opbrengs wat die land kan lewer tot die volgende hersteljaar, wat elke vyftigste jaar was. Die bedoeling hiermee, sê die Here, is sodat die Israeliete mekaar nie uitbuit nie (Lev 25:1-17).

Verder het die Here bepaal dat grond nooit permanent verkoop mag word nie, want die land behoort aan die Here. Israel is slegs vreemdelinge en bywoners by die Here. Wanneer 'n Israeliet weens skuld sy grond moet verkoop, is die naaste manlike familielid verantwoordelik om die grond vir die oorspronklike eienaar terug te koop (Lev 25:23-28). Die losser het ook die verantwoordelikheid om mense los te koop. Wanneer 'n Israeliet hom weens skuld aan 'n nie-Israeliet as slaaf moes verkoop, moet enige manlike familielid hom loskoop van die nie-Israeliet (Lev 25:47-55).

Nou kan ons terugkeer na Naomi se raad aan Rut en Rut se optrede. Na weke wat Rut nou al in die teenwoordigheid van Boas gewerk het en daar van Boas se kant af niks gebeur het wat lyk asof hy sy plig as losser gaan nakom nie, het Naomi besluit om die saak na 'n kant toe te bring. In hierdie stadium het Naomi en Rut nie geweet van die ander losser wat nader familie is as Boas nie. Naomi wou deur Rut vir Boas herinner aan sy plig as losser.

Kyk nou net, broers, susters en kinders, hoe beskerm die Here ook sy kinders van vernedering. Volgens die bepaling van die Here kon Rut vir Boas voor die leiers van die volk gebring het en gesê dat Boas nie sy verantwoordelikheid wil nakom nie. Maar dit sou 'n gemors afgegee het, aangesien hulle nie geweet het van die ander losser nie.

Die Here gebruik Naomi se raad om haar en Rut teen vernedering te beskerm. As Rut dan in die donker by Boas se voete gaan lê, soos haar skoonma gesê het, bewys Rut dat sy voluit by die verbondsvolk van die Here ingeskakel het. Dit gaan vir haar nie oor haar eie voor- of afkeure nie. Boas sê dit ook. Sy kon enige man gekies het, maar sy doen dit nie. Dit gaan vir haar oor die Here en hoe Hy wil keer dat 'n geslag sal uitsterf. Dit is daar by Boas se voete dat Rut dan vir hom in die nag sê: **Ek is Rut, u dienares; brei dan u vleuel oor u dienares uit, want u is die losser.** Rut vra op 'n nederige manier dat Boas met haar sal trou. Hierdie woorde herinner ons ook aan wat Boas vir Rut 'n klompie weke gelede gesê het, naamlik dat sy onder die vleuels van die Here kom skuil het.

Vir Naomi en Rut het die feit dat Boas 'n losser vir hulle is, groot beloftes ingehou. Hulle het nou die belofte van beskerming, hulp, en verlossing gehad. In 'n tyd soos die Rigterstyd, waarin elkeen maar gedoen het wat reg is in sy eie oë, het weduwees inderdaad beskerming en hulp nodig gehad. En as Boas vir hierdie twee weduwees as losser sal optree, sal hulle verlos wees van die benouende omstandighede as daar nie meer graan is om op te tel nie. En indien Boas ook nog sy weg oopsien om met die weduwee Rut te trou, was daar die beloftes van 'n toekoms en hoop. Nie net Rut sal 'n veilige heenkome vind nie, maar daar sal ook 'n nageslag vir Elimeleg verseker kan word. Dit gaan vir Naomi nie net oor die grond wat in Elimeleg se familie, dit is Naomi en Rut, se besit moet bly nie, maar dit gaan vir haar ook oor die toekoms van Rut as vreemdeling en weduwee in Betlehem.

Geliefdes, die belofte van beskerming, hulp, verlossing, toekoms en hoop wat die lossers vir Rut en Naomi ingehou het, is beloftes waarsonder ons vandag steeds nie kan lewe nie. Daarom wys die Heilige Gees ons daarop dat Boas se woorde in Rut 2:12 en Rut se nederig vraag dat Boas met haar sal trou nie net op die oppervlak na mekaar klink nie. Die wyse waarop Rut vra dat Boas met haar sal trou, is dieselfde manier waarop die Here sê dat Hy Homself aan sy volk verbind het. Luister hoe klink dit in Esegïel 16:8: **En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van die liefde. Toe het ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid bedek. Ja, Ek het vir jou gesweer en met jou 'n verbond aangegaan, spreek die HERE, en jy het myne geword.** Die Here het trou belowe aan sy volk en Hy het as hulle Lossers opgetree.

Hierdie belofte van trou het die Here nie met ink op papier geskryf nie, maar met bloed op die harte van hulle wat Hy liefhet. Daarom noem die Here Homself die Lossers van Israel omdat Hy hulle uit Egipte verlos het. So het die Here Homself aan Moses bekend gemaak **Daarom, sê aan die kinders van Israel: Ek is die HERE, en Ek sal julle onder die harde arbeid van die Egiptenaars uitlei en julle red uit hulle slawerny, en Ek sal julle verlos (ga'al) deur 'n uitgestrekte arm en deur groot strafgerigte** (Eks 6:5). Dwarsdeur die geskiedenis met sy volk behou die Here hierdie Naam Lossers vir Homself. Dit is veral wanneer die Here sy verlossing uit die ballingskap deur Jesaja laat profeteer dat hierdie Naam weer baie gebruik word (Jes 40-55). En in verskeie Psalms word die Here die Lossers genoem.

Met sy koms na hierdie wêreld het Jesus Christus, die enigste Seun van God, die egtheid van die Naam Lossers kom bewys. 'n Lossers was iemand wat bloedfamilie was van die een wat uit benoudheid verlos word. Die Seun van God het ons bloedfamilie geword. Hy het ons vlees en bloed aangeneem uit die maagd Maria. Hy is nie skaam om Homself ons broer te noem nie. En Hy bewys sy liefde en trou deur die lossingsprys vir sy bruid voluit te betaal. Hy sterf eerder self as om die kans te vat om sy bruid te verloor.

Dink daaraan, my geliefde broer en suster, God die Vader het eerder sy Seun in my en jou plek geoffer as om te sien hoe ons vir ewig verlore gaan. Jesus het eerder self die straf op die sonde gedra as om te sien hoe die Satan met sy bruid wegloop en haar mishandel. En deur die Heilige Gees se werk in ons is Christus steeds besig om sy bruid – vir ons as kerk – mooi te maak, sodat ons sonder vlek of rimpel by sy huweliksfees kan opdaag.

Ons keer terug na Boas en Rut. Boas was nie so onwillig om sy verantwoordelikheid as lossers teenoor Rut na te kom soos wat Naomi gedink het nie. Hy het immers geweet van die ander familielid wat nader as hy aan Rut was. As familielid van Rut en Naomi het Boas die reg gehad om as lossers vir hulle op te tree, maar hy was nie verplig om dit te doen nie. Net so was Christus ook nie verplig om as Lossers vir ons op te tree nie. Ons mense het immers die verhouding met die Here van ons kant af verbreek. Maar God se liefde vir sy kerk is so sterk dat Hy haar nie wil verloor nie. Daarom het Christus sy liefde vir sy bruid kom bewys deur vir haar die duurste prys ooit te betaal, naamlik deur haar met sy lewe los te koop van die dood en die sonde.

Christus het Homself so met ons, sy nuwe familie, vereenselwig dat Hy hulle pyn in hulle plek kom dra het. Hy vereenselwig Homself so met jou en my pyn dat Hy vandag nog steeds ons pyn saam met ons dra. Daarom kan ons vir seker weet dat Hy medelye met ons het wanneer ons onder pyn en swaarkry gebuk gaan. Hy ken ons pyn net so goed as wat ons dit beleef. Hy moedig ons aan om op sy Vader te vertrou vir hulp elke dag. Daarom leer Hy ons om elke dag ons daaglikse brood by ons hemelse Vader te vra. Christus ons Verlossers is die vervulling van die beloftes van beskerming, hulp en verlossing.

En uiteindelik verwelkom Hy ons by die bruilofsmaal van die Lam. Aangesien Jesus Christus ons Lossers is, vervul Hy ook die beloftes van 'n toekoms en hoop vir ons. Hy maak vir sy kerk 'n toekoms

by Hom saam met sy Vader, waar ons saam met die menigte, wat nie getel kan word nie, uitbundig sal sing: **Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige heers nou as koning. Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.**

(Openbaring 19:6b-8a AFR1983)

Hierdie toekoms is ons hoop. Ons sien dit nog nie. Ons beleef nog nie hierdie toekoms nie. Maar aangesien Christus, ons Losser, vir ons die belofte van hoop gee, weet ons die toekoms is seker. Wanneer die bruilof van die Lam eers voltrek is, sal sy bruid nooit weer swaarkry beleef nie.

Amen!

Slotgebed

Psalm 107:1, 3 (p 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

**Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
9 Oktober 2011**